NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Grondwet van die konvokasie van die Noordwes-Universiteit

Verwysingsnommer	1P/1.3.33
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Institusionele registrateur
Beleideienaar	Konvokasiekoördineerder
Verantwoordelike afdeling	Institusionele registrateur
Status	Goedgekeur deur die NWU-Konvokasie op 6 Augustus 2011 en deur die Raad van kennis geneem op 19 September 2011
Goedgekeur deur die	Kovokasie en Raad
Datum van goedkeuring	2011
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	Einde 2014
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres van die beleiddatabasis	RMA SHARE: 2.1.3.2-policy database/policy documents/1P-1.3.33_convocation_a
Verwante dokumentasie	NWU-Statuut (lêerverwysing 1.2)

Inhoudsopgawe

Grondwet van die konvokasie van die Noordwes-Universiteit

Aanhef 1

1 Vertolking 1

2 Doel en struktuur van die Konvokasie 2

3 Doelstellings van die konvokasie 2

4 Lidmaatskaprol van die konvokasie 2

5 Lidmaatskapkategorieë, -regte en -vereistes 3

5.1 Lidmaatskapkategorieë 3

5.2 Regte met betrekking tot lidmaatskapkategorieë 3

5.3 Verdere vereistes vir lidmaatskap en deelname aan die aktiwiteite van die konvokasie 3

5.4 Erelidmaatskapproses 4

6 Ampsdraers en die uitvoerende komitee van die konvokasie 4

7 Verhouding tussen die konvokasie en ander liggame van die oudstudente wat deur die konvokasie erken word 5

8 Konvokasielede aangewys as lede van raad 5

9 Konvokasielede aangewys as lede van forum 6

10 Vergaderings 6

11 Prosedure op vergaderings 7

12 Bevoegdhede en tekenmagte 8

13 Wysiging van hierdie grondwet 9

Grondwet van die konvokasie van die Noordwes-Universiteit

Aanhef

NADEMAAL die Wet op Hoër Onderwys, Nr. 101 van 1997 die konvokasie as 'n statutêre struktuur en liggaam van oudstudente van die Universiteit vasstel en die statuut van die Noordwes-Universiteit voorsiening maak vir die bevoegdhede van die konvokasie, insluitend die bevoegdheid om sy eie grondwet aan te neem;

NADEMAAL die Noordwes-Universiteit sy visie aanvaar het om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie;

EN NADEMAAL die Noordwes-Universiteit se oudstudente 'n aansienlike potensiaal in die lede van die konvokasie van die Noordwes-Universiteit verenig het waardeur die konvokasie wil bydra tot die vorming van die toekoms en die bereiking van die visie en missie van die Noordwes-Universiteit;

NOU DERHALWE aanvaar die konvokasie van die Noordwes-Universiteit hierdie grondwet om uitvoering te gee aan sy bevoegdhede soos beoog in die statuut van die Noordwes-Universiteit:

1 Vertolking

1.1 "Konvokasie" beteken die struktuur wat ingevolge artikel 26(2)(g) van die Wet op Hoër Onderwys, Wet Nr. 101 van 1997 ("die wet"), tot stand gebring is, wat die liggaam is van die oudstudente van die Noordwes-Universiteit ("die universiteit ") wat in paragrawe 33 tot 38 van die statuut van die Noordwes-Universiteit (2005) ("die statuut ") bedoel word.

1.2 "Grondwet" beteken hierdie grondwet wat behoorlik aangeneem is ingevolge paragraaf 33(2) van die statuut met die doel om spesifieke aangeleenthede met betrekking tot die struktuur en funksionering daarvan wat nie reeds spesifiek in die statuut gereguleer is nie te reguleer, soos deur paragrawe 33(2), 35(3), 36(4) en 37(2) van die statuut vereis word. Hierdie grondwet moet dus saamgelees word met paragrawe 33 tot 38 van die statuut, welke paragrawe in hierdie grondwet ingesluit is om begrip daarvan en verwysings daarna te vergemaklik. In die geval van enige geskil oor die bewoording van hierdie grondwet en dié van die statuut, geniet die bewoording van die statuut voorrang.

1.3 "Lid van die Konvokasie" beteken 'n persoon soos verwys na in paragraaf 5.1, wie se naam op die lidmaatskaprol van die Konvokasie verskyn soos in paragraaf 4 verskaf, en wat die regte mag uitoefen soos uiteengesit in paragraaf 5.2 nadat aan die vereistes voldoen is soos uiteengesit in paragraaf 5.3.

1.4 "Sekretaris" beteken die sekretaris van die konvokasie ingevolge paragraaf 59(2) van die statuut en paragraaf 6.5 van hierdie grondwet.

1.5 "Raad" beteken die raad ingestel ingevolge artikel 26(2)(a) van die wet en saamgestel ingevolge artikel 27(4) van die wet en paragraaf 4 van die statuut.

1.6 "Forum" beteken die institusionele forum van die Universiteit ingestel deur die raad ingevolge artikel 26(2)(f) van die wet en wat in paragraaf 24 van die statuut bedoel word.

1.7 "Uitvoerende Komitee" beteken die uitvoerende komitee van die konvokasie soos beoog in paragraaf 36(4) van die wet en bedoel in paragraaf 6 van hierdie grondwet.

2 Doel en struktuur van die Konvokasie

2.1 Die konvokasie verbind die lede van die konvokasie op 'n lewenslange grondslag met die universiteit, tot die voortgesette wedersydse voordeel van die universiteit, sodanige lede en toekomstige lede van die konvokasie.

2.2 Behoudens paragraaf 36 van die statuut, kan die konvokasie eie strukture tot stand bring kragtens hierdie grondwet of kan geskikte strukturele reëlings met ander liggame binne of buite die universiteit aangaan om hul doelwitte te bereik.

3 Doelstellings van die konvokasie

3.1 Op grond van paragraaf 34(1) van die statuut is die konvokasie se belangrikste doelstelling om wedersyds voordelige verhoudings tussen die universiteit en die oudstudente daarvan te vestig en verder te ontwikkel ten einde die welsyn van die universiteit en toekomstige konvokasielede te bevorder.

3.2 Op grond van paragraaf 34(2) van die statuut, sal ander doelstellings wees:

3.2.1 Om lede in die raad kragtens paragraaf 8 van die grondwet aan te wys.

3.2.2 Om nougeset saam te werk met en steun te verleen aan ander universiteitstrukture wat fokus op die bevordering van professionele, opvoedkundige, maatskaplike en ander bande tussen die oudstudente en die universiteit enersyds, en tussen groepe ander oudstudente andersyds;

3.2.3 Om te vergader en enige ander aangeleentheid binne die sfeer van bevoegdheid van die universiteit te bespreek en enige besluit aan die universiteit se bestuursowerhede of die breër publiek deur te gee; en

3.2.4 Om 'n databasis van lede in stand te hou ten einde kommunikasie met lede en die verspreiding van inligting tussen lede en die universiteit te verbeter, en om die kieserslys vir die verkiesing van raadslede te vorm.

4 Lidmaatskaprol van die konvokasie

4.1 Die konvokasie bestaan uit die lede van die konvokasie wat die ampsdraers, uitvoerende komitee, algemene vergadering en sodanige buitengewone vergaderings insluit wat van tyd tot tyd belê en ingevolge die grondwet gehou word.

4.2 Wanneer ook al 'n verkiesing moet plaasvind, word die konvokasierol gesluit vanaf die datum waarop stembriewe uitgestuur word tot en met die datum van die verkiesing.

5 Lidmaatskapkategorieë, -regte en -vereistes

5.1 Lidmaatskapkategorieë

5.1.1 Behoudens voldoening aan die toepaslike bepalings in paragraaf 5.2 van hierdie grondwet kwalifiseer die volgende kategorieë persone vir lidmaatskap van die konvokasie:

(a) Gegradueerde oudstudente van die universiteit;

(b) Gediplomeerde oudstudente van die universiteit;

(c) Al die permanente personeellede van die universiteit of die voorgangers daarvan; en

(d) Sodanige erelede wat van tyd tot tyd deur die konvokasie ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 5.4 van hierdie grondwet erken word.

5.1.2 'n Lid van die konvokasie, hou op om so 'n lid te wees wanneer daardie lid die president van die konvokasie skriftelik van sodanige bedanking inlig, soos bepaal in paragrawe 5.1.1(a) – (d) .

5.2 Regte met betrekking tot lidmaatskapkategorieë

5.2.1 Op grond van paragraaf 35(1) van die statuut, kwalifiseer elke gegradueerde van die universiteit of die voorgangers daarvan vir lidmaatskap van die konvokasie, om vergaderings by te woon en oor aangeleenthede te stem, om genomineer te word om 'n lid van die uitvoerende komitee en die raad te word, om 'n lid te nomineer en om te stem in 'n verkiesing van raadslede ooreenkomstig paragraaf 8 van hierdie grondwet, met dien verstande dat daar aan die bepalings van paragraaf 5.3 van hierdie grondwet voldoen is.

5.2.2 Op grond van paragraaf 35(2) – (3) van die statuut, kwalifiseer elke gediplomeerde en elke permanente personeellid, tans of in die verlede, van die universiteit of die voorgangers daarvan vir lidmaatskap van die konvokasie, om vergaderings by te woon en oor aangeleenthede te stem, 'n lid vir die uitvoerende komitee en die raad te nomineer en om in 'n verkiesing van raadslede vanuit die geledere van die konvokasie te stem, met dien verstande dat daar aan paragraaf 5.3. van die grondwet voldoen is.

5.2.3 'n Erelid van die konvokasie soos bepaal in paragraaf 5.1.1(d) het die regte en voorregte wat verleen word in die brief wat die toekenning van erelidmaatskap aan sodanige persoon bevestig.

5.3 Verdere vereistes vir lidmaatskap en deelname aan die aktiwiteite van die konvokasie

Enige persoon soos beskou in paragraaf 5.1 wat 'n lid van die konvokasie wil word en wat aan die verrigtinge en bedrywighede van die konvokasie wil deelneem, wat vergaderings van die konvokasie wil bywoon en oor aangeleenthede stem, 'n kandidaat wil nomineer,

genomineer wil word as 'n kandidaat en in enige verkiesing wil stem waarvoor daar in hierdie grondwet voorsiening gemaak word, kan slegs as sodanig kwalifiseer indien:

(a) die persoon se persoonlike besonderhede, geldige posadres en sodanige ander kommunikasiekanale wat van tyd tot tyd ingevolge die reëls bepaal word, voorsien is aan en geverifieer is deur die sekretaris van die konvokasie en in die konvokasierol geboekstaaf is;

(b) die persoon die voorgeskrewe lidmaatskapgeld soos bepaal deur die raad op aanbeveling van die konvokasie in 'n rekening van die konvokasie inbetaal het, en hierdie betaling in die konvokasierol erken is; en

(c) die lid die reg of voorreg het om aan die spesifieke verrigting, aktiwiteit of verkiesing deel te neem ingevolge paragraaf 5.2 wat betref daardie persoon se tipe lidmaatskap, soos in die konvokasierol weerspieël.

5.4 Erelidmaatskapproses

5.4.1 Behoudens paragraaf 5.3, mag enige lid van die konvokasie op enige tydstip enige persoon skriftelik nomineer om 'n erelid van die konvokasie te word en sodanige skriftelike nominasie, wat deur nog minstens tien verdere lede van die konvokasie mede-onderteken is, en vergesel van 'n gedetailleerde curriculum vitae van die genomineerde persoon, by die sekretaris van die konvokasie indien.

5.4.2 Die sekretaris lê geverifieerde nominasies aan die uitvoerende komitee van die konvokasie voor vir hul oorweging en 'n voorstel aan die lede, vir hul besluit.

5.4.3 Die sekretaris lig die persoon aan wie die toekenning gemaak word in omtrent die uitslag van die proses en verseker dat die erkenning en toekenning van erelidmaatskap op toepaslike wyse aan die genomineerde persoon gekommunikeer word.

6 Ampsdraers en die uitvoerende komitee van die konvokasie

6.1 Die konvokasie verkies uit eie geledere op 'n algemene vergadering 'n president van die konvokasie, wat die amp beklee vir 'n termyn van drie jaar vanaf die sluiting van die vergadering waarop die verkiesing plaasvind.

6.2 Vir 'n lid om as president verkies te word, moes sodanige lid vir minstens twee jaar onmiddellik voor sodanige verkiesing 'n lid van die uitvoerende komitee gewees het.

6.3 Indien geen vergadering van die konvokasie in die derde jaar van die ampstermyn van die president gehou word nie, word sodanige ampstermyn verleng tot na die afsluiting van die volgende vergadering van die konvokasie.

6.4 Die president is die voorsitter van alle vergaderings van die konvokasie.

6.5 Ingevolge paragraaf 59(2) van die statuut is die institusionele registrateur die sekretaris en hoofkiesbeampte van die konvokasie.

6.6 Die konvokasie verkies uit eie geledere op 'n algemene vergadering 'n visepresident, tesourier en vyf bykomende lede.

6.7 By verkiesing van die vyf bykomende lede moet daar die nodige inagneming wees van geslag, ras en die multikampusaard van die universiteit.

6.8 Die president kan van tyd tot tyd aanbeveel dat die konvokasie komitees tot stand bring en kan lede in sodanige komitees benoem of koöpteer wat vir die uitvoering van bepaalde werksaamhede van die konvokasie dienstig kan wees.

6.9 Die ampstermyn van 'n lid van die uitvoerende komitee is drie jaar, met dien verstande dat die sekretaris geskikte reëlings moet tref om te verseker dat daar toereikende rotasie en deurlopendheid van lidmaatskap van die uitvoerende komitee is om te verseker dat die doelwitte van die konvokasie deurlopend bevorder word.

6.10 'n Ampsdraer wie se ampstermyn in 'n spesifieke hoedanigheid deur tydsverloop verstryk, kwalifiseer vir herverkiesing vir nog een termyn in dieselfde amp.

6.11 Die uitvoerende komitee, bestaande uit die president, visepresident, tesourier en vyf bykomende lede, handel met alle aangeleenthede rakende die konvokasie tussen vergaderings van die konvokasie, uitgesonderd wysigings aan hierdie grondwet, behoudens bekragtiging op die volgende vergadering van die konvokasie, tensy die besluit rondomtalie-gewys geneem is ingevolge paragraaf 11.18 van hierdie grondwet, in welke geval die besluit bloot in die notule van die volgende vergadering van die konvokasie opgeneem word.

7 Verhouding tussen die konvokasie en ander liggame van die oudstudente wat deur die konvokasie erken word

Indien die konvokasie ander oudstudenteliggame tot stand gebring het of reëlings met sodanige ander liggame getref het, binne of buite die universiteit, ooreenkomstig paragraaf 2.2, kan die president van die konvokasie lede van sodanige ander liggame nooi om die vergaderings van die uitvoerende komitee by te woon ten einde die doelwitte van die konvokasie te bevorder, maar sodanige genooides het geen stemreg op sodanige vergaderings van die uitvoerende komitee nie.

8 Konvokasielede aangewys as lede van raad

8.1 Die konvokasie wys vier lede van die raad van die universiteit aan by wyse van verkiesing en mag vakatures vul wat ontstaan, ooreenkomstig die volgende prosedure.

8.1.1 Indien die konvokasie 'n lid van die raad moet kies, stel die sekretaris die president hiervan in kennis en gee op geskikte wyse aan elke stemgeregtigde konvokasielid kennis dat skriftelike nominasies van kwalifiserende persone kragtens paragraaf 35(1) en 35(3) van die statuut vir die vakature verlang word, op die voorgeskrewe vorm wat by die sekretaris verkrygbaar is, en dat elke nominasie deur minstens vyf konvokasielede wat stemgeregtig is ingevolge die statuut en die grondwet en deur die genomineerde onderteken moet wees.

8.1.2 In die geval van 'n vakature wat weens tydsverloop ontstaan, word kennis minstens drie maande voor die verstryking van die ampstermyn gegee, kragtens subparagraaf 8.2.1.

8.1.3 Nominasies moet binne ses weke na die datum van die kennisgewing by die sekretaris ingedien word.

8.1.4 Indien die getal genomineerdes nie groter is as die getal persone wat verkies moet word nie, word die genomineerdes onmiddellik as behoorlik verkose verklaar.

8.1.5 Indien meer persone genomineer word as die getal wat verkies moet word, pos die sekretaris so gou doenlik na die sluitingsdatum vir nominasies 'n stembrief of stel op enige ander geskikte wyse aan elke konvokasielid wat stemgeregtig is ingevolge die statuut en die grondwet 'n stembrief beskikbaar met die name van die kandidate in alfabetiese volgorde daarop.

8.1.6 Stembriewe moet teruggestuur word sodat dit die sekretaris bereik voor of op die datum wat op die stembrief aangedui word, wat nie minder as 21 dae na die datum van uitreiking van die stembrief mag wees nie.

8.1.7 'n Stembrief wat nie ooreenkomstig die opdragte daarop ingevul is nie of wat die sekretaris ná die aangeduide datum bereik, is ongeldig.

8.1.8 Tydens 'n verkiesing tree die sekretaris as kiesbeampte op, bygestaan deur twee stemopnemers wat deur die president benoem word.

9 Konvokasielede aangewys as lede van forum

Wanneer ook al die president versoek word om 'n konvokasielid as 'n lid van die forum ooreenkomstig paragraaf 24(1)(i) van die statuut aan te wys, moet die president die advies van die uitvoerende komitee inwin en mag hy/sy konvokasielede nooi, behoudens paragraaf 5.3, om die name van kwalifiserende konvokasielede aan die sekretaris voor te lê, uit welke lys die president die vereiste getal lede in die forum sal nomineer.

10 Vergaderings

10.1 'n Algemene vergadering moet minstens een maal elke drie jaar deur die president by die setel van die universiteit belê word of op sodanige ander plek as wat die president bepaal, met inagneming van die multikampusaard van die universiteit.

10.2 'n Buitengewone vergadering moet deur die president belê word binne een maand nadat sodanige buitengewone vergadering skriftelik deur minstens vyftig konvokasielede versoek is, met uiteensetting van die aangeleenthede wat bespreek moet word en met duidelike uiteensetting van die redes wat 'n dringende vergadering regverdig.

10.3 Gesamentlike vergaderings van die konvokasie en enige ander universiteitstruktuur wat verantwoordelik is vir skakeling van individuele oudstudente of groepe oudstudente kan op enige tydstip in oorleg met die uitvoerende komitee van die Oudstudentevereniging van Noordwes-Universiteit gehou word.

10.4 'n Vergadering van die konvokasie kan enige aangeleentheid oorweeg wat die universiteit raak, met inbegrip van aangeleenthede wat die raad na die konvokasie vir advies verwys, en kan die standpunt van die vergadering aan die raad oordra.

10.5 'n Afskrif van die besluite van die konvokasie en 'n kennisgewing van sodanige ander aangeleenthede wat deur die konvokasie bepaal word, behoorlik deur die president en die sekretaris gewaarmerk, moet aan die voorsitter van die raad ter inligting van die raad en aan die visekanselier ter inligting van die senaat gestuur word om by die volgende geskeduleerde vergadering van hierdie onderskeie strukture ter tafel gelê te word, ná die

aanvaarding van sodanige besluite deur die konvokasie of kennisgewing van sodanige ander aangeleenthede was deur die konvokasie bepaal word.

10.6 Enige kommunikasie, agenda, vergadering of verkiesingsproses van die konvokasie mag volgens 'n virtuele modus gehou word wat in staat is om geldige en outentieke metadata van alle insette en korrespondensie gestuur en ontvang te hou deur van die mees geskikte en beskikbare tegnologie gebruik te maak, soos in paragraaf 11.18 bedoel.

10.7 Die kworum vir enige vergadering van die konvokasie soos beoog in paragraaf 10.1 en 10.2 is vyftig konvokasielede.

10.8 Die kworum vir enige vergadering van die uitvoerende komitee is die helfte plus een van al die lede van die uitvoerende komitee.

11 Prosedure op vergaderings

11.1 Nadat 'n gewone vergadering gekonstitueer en geopen is, begin dit met die lees en bevestiging, by wyse van ondertekening deur die president, van die notule van die vorige gewone vergadering en die notules van alle daaropvolgende buitengewone vergaderings.

11.2 Enige beswaar teen die notule word geopper en afgehandel voordat die notule bevestig word.

11.3 Die notule kan as gelees beskou word indien 'n afskrif van die konsepnotule minstens een week voor die vergadering aan elke lid gestuur is.

11.4 Die getal stemme ten gunste van of teen enige voorstel word nie in die notule opgeneem nie tensy die vergadering aldus besluit.

11.5 Nieteenstaande subparagraaf 11.4 kan die president op die versoek van 'n konvokasielid opdrag gee dat die stem van sodanige lid opgeteken word.

11.6 Geen aangeleenthede buiten dié wat in die kennisgewing van 'n buitengewone vergadering vervat is, word op sodanige vergadering hanteer nie, tensy al die konvokasielede teenwoordig daartoe instem.

11.7 Kennisgewing van enige mosie vir oorweging moet skriftelik gegee word en moet ingedien word by die sekretaris minstens tien dae voor die datum waarop daar van die sekretaris vereis word om kennis van die vergadering te gee.

11.8 Geen mosie of enige wysiging daarop wat in die loop van 'n vergadering ontstaan, word hanteer tensy dit gesekondeer word nie en, indien die president aldus opdrag gee, moet sodanige mosie of wysiging skriftelik ingedien word.

11.9 Geen geldige mosie mag teruggetrek word nie, behalwe met die toestemming van die vergadering.

11.10 'n Konvokasielid mag nie, behalwe met die toestemming van die vergadering, meer as een maal oor enige mosie of wysiging daarop praat nie, maar die voorsteller van 'n mosie mag die reg op repliek uitoefen.

11.11 Enige lid mag voorstel dat 'n onderwerp van bespreking in komitee hanteer word en, indien gesekondeer, word sodanige mosie sonder bespreking tot stemming gebring.

11.12 Indien die mosie beoog in paragraaf 11.11 aanvaar word, gaan die konvokasie onmiddellik in komitee en is enige konvokasielid geregtig om meer as een maal oor die onderwerp van bespreking te praat.

11.13 'n Konvokasielid mag nie aan die bespreking deelneem of stem oor enige aangeleentheid waarby die lid 'n regstreekse finansiële of ander belang het nie, tensy die lid eers die aard en omvang van die belang openbaar maak en die toestemming van die vergadering verkry om aan die bespreking of stemming deel te neem.

11.14 Alle aangeleenthede word deur 'n meerderheid van die uitgebringde stemme beslis, tensy daar anders gespesifiseer word.

11.15 Die voorsitter het 'n gewone stem, maar moet hierbenewens in die geval van 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid 'n beslissende stem uitbring.

11.16 Die voorsitter of die vergadering mag besluit dat stemming per geslote stembrief moet plaasvind, met dien verstande dat stemming vir persone altyd per geslote stembrief moet geskied.

11.17 Die beslissing van die president oor enige punt van orde is bindend en mag nie bevraagteken word nie, maar 'n punt van orde, verduideliking of inligting mag teen enige ander konvokasielid geopper word, in welke geval die beslissing van die president bindend is, tensy dit onmiddellik deur 'n lid bevraagteken word, in welke geval die beslissing dan aan die vergadering voorgelê word vir 'n besluit sonder dat dit bespreek word, en die beslissing van die vergadering is finaal.

11.18 Indien 'n meerderheid van die konvokasielede wat gereageer het, ooreenstemming bereik het oor 'n aangeleentheid wat per brief of elektroniese middele deur of namens die president na hulle verwys is, sonder om 'n fisieke vergadering te belê, en minstens twee-derdes van alle lede per brief of op elektroniese wyse bevestig is dat hulle by die proses van bereiking van sodanige besluit betrokke was, is sodanige besluit gelykstaande aan 'n besluit van die konvokasie en moet dit in die notule van die volgende vergadering opgeneem word.

11.19 Die standpunte van 'n konvokasielid wat nie in staat is om 'n vergadering by te woon nie, kan skriftelik voorgelê word, maar mag nie as 'n stem van sodanige lid tel nie.

11.20 Vergaderings van die konvokasie word slegs deur konvokasielede bygewoon, maar mag van tyd tot tyd bygewoon word deur persone wat deur die president met die toestemming van die konvokasie genooi word.

11.21 Enige persoon wat aan 'n vergadering deelneem en wat, nadat hy/sy versoek is om hom/haar van oneerbiedige of wangedrag te weerhou wat redelikerwys verwag kan word om die vergadering te versteur, voortgaan om 'n beslissing van die president te veronagsaam, moet versoek word om die vergadering te verlaat en, indien sodanige persoon nie die vergadering onmiddellik verlaat nie, moet sodanige persoon se deelname aan die vergadering beëindig word en, in die geval van 'n konvokasielid, moet die lid sodanige prosesse deurloop wat die uitvoerende komitee gerade ag voordat verder aan vergaderings of ander bedrywighede van die konvokasie deelgeneem mag word.

12 Bevoegdhede en tekenmagte

12.1 Die konvokasie kan fondse verkry, ontvang en toedeel ten einde hul doelstellings te verwesenlik soos in hierdie grondwet uiteengesit, aangevul deur besluite wat geneem is, en met hierdie doel voor oë mag hulle 'n geskikte rekening met 'n toegewyde stel subrekeninge binne die amptelike finansiële stelsel van die NWU open en gebruik.

12.2 Alle finansiële transaksies wat deur of namens die konvokasie onderneem word, word deur die amptelike universiteitsbeleid, -stelsel en -prosesse bestuur, en die ontvangs, hou of vervreemding van enige eiendom of goedere op enige wyse geskied deur middel van die amptelike universiteitstelsel en -prosesse.

12.3 Die president, visepresident en tesourier het tekenmagte namens die konvokasie.

13 Wysiging van hierdie grondwet

13.1 Hierdie grondwet kan op 'n algemene vergadering van die konvokasie gewysig word deur 'n twee-derde meerderheid van die konvokasielede teenwoordig by sodanige vergadering wat ten gunste van sodanige wysigings stem, gegewe dat skriftelike kennis van die voorgestelde wysigings gegee is ingevolge paragraaf 13.2.

13.2 Geen wysiging aan hierdie grondwet word ingevolge paragraaf 13.1 goedgekeur nie, tensy skriftelik kennis oor die voorgestelde wysigings gegee is aan ten minste twee-derdes van alle konvokasielede en ten minste twee maande voor sodanige algemene vergadering, tensy 'n meerderheid van driekwart van die lede teenwoordig by 'n algemene konvokasievergadering ten gunste van tersydestelling van sodanige vooraf kennisgewing stem.

Oorspronklike besonderhede: Izette Schouwstra(10437665) SHARE\1P-1.3.33_Convocation.doc

10 October 2011

Lêerverwysing: 1Pr/1.3.33